

11 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 15:1-16:7 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Konings 15:4,5

Die Here is die lamp en lewe van elke gelowige

Abia word koning van Israel en word dan dadelik as mens en as koning beoordeel: Hy het gesondig soos sy pa en “sy hart was nie volkome met die Here sy God soos die hart van sy vader Dawid nie”. Tog het die Here sy posisie en mag in Jerusalem vir drie jaar lank bevestig. Vers 4 in die OAV lui soos volg: “Maar ter wille van Dawid het die Here sy God vir hom ‘n lamp in Israel gegee”. Dit beteken dat, nadat Dawid se lamp hier op aarde uitgegaan het, daar ‘n nakomeling vir hom op die troon was. Dit beteken egter ook dat God Hom steeds met lig en leiding aan die koningskap verbind. Sy Woord is immers ‘n lamp vir die voet, ‘n lig vir die pad (Ps 119:105). Dawid was terdeë bewus van God se genade vir hom. Kort voor sy dood roep hy ook uit: “U is my lamp, o Here!” (2 Sam 22:29). God is lig en oor sy Seun wat verlossing bring, sê die Skrif: “*In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense*” (Joh 1:4). Wat ‘n genade as die Here vir jou ‘n lamp is, dat sy Gees in jou woon. Wat ‘n genade om in sy lig te leef, want dan geniet jy die lewe wat Hy alleen kan gee. Daarom is dit so hartseer om te lees van Abia. Vir hom was die lamp van God daar, maar hy het verkies om in die donker te leef. Om die gebooie van die Here te minag en jou eie pad te loop, is om jouself te verdoem, om in die donker te leef en uiteindelik die ewige duisternis in te gaan. As God jou lamp is, is Hy dit vir ewig. Oor die nuwe Jerusalem sê die Skrif dat daar nie meer son of maan sal wees nie, want “die Lam is die lamp” (Op 21:23). Hoe onverstaanbaar as ‘n mens die donkerte verkies.

Sing: Psalm 119:39

Ds PH Fick (Komatipoort)